


fotografienuus

maart 2018



'Aandskemer'


Lensopening f32; Sluiterspoed 4/5 sekonde; Fokale lengte 100 mm

As jy mooi kyk, sou jy dit opgemerk het. Daar is reeds bome met geel herfsblare. Moet dus nie sê dat die herfs nog nie hier is nie. As jy nie so dink nie ... daar is wel bome wat van beter weet. En hulle is dalk meer reg as jy.

Die wonderlike ding van fotografie is dat dit jou leer, dalk dwing, om die lewe om jou raak te sien. Dit maak net dat jy makliker fotogeniese mense raaksien; of besondere diere of plante of ... kleurvolle sonsondergange. Party gee jou langer kans om jou kamera reg te kry en foto's te neem, ander korter, soos sonsondergange. Die fototoneel hierby het gelukkig 'n tydjie geduur en (nog 'n geluk!) die kamera was nie te diep weggepak nie. Probeer dus om altyd reg te wees vir foto's, al is dit selfs net met jou selfoon.

Die foto bo het 'n sekere gevoelswaarde (of luim of atmosfeer). Jy hou daarvan of dalk nie; dit herinner jou miskien aan iets; dit het 'n sekere stemming. In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* wil ons meer gesels oor luim in 'n foto en wenke gee. Aangesien foto's van sonsondergange en -opkomstes dikwels vir fotografe frustrerend is, sal ons ook wenke gee vir die fotografering daarvan. Lees ook onder andere nog verder oor die oulikste eekhorinkies en kry inligting oor ons volgende eerstevlakkursus.

Johan




Luim in 'n foto – wat is dit?

Om 'n formele definisie van luim (Engels: *mood*) in fotografie te vind, blyk haas onmoontlik te wees. En om 'n direkte antwoord te gee op die vraag “Wat is luim in fotografie?” is net so moeilik. Ons probeer wel die volgende beskrywing:

Luim (of ook *stemming*, soos die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal as sinoniem gee) is 'n gevoel of gemoedstoestand by 'n persoon op enige gegewe tydstop. Luim kom ook na vore in die literatuur, in musiek en ander kunsvorme, waaronder fotografie. As voorbeeld kan gencem word dat die luim van 'n skildery ontstellend of kalmerend kan wees. Enkele voorbeelde van luim is geluksaligheid, opwinding, plesierigheid, troosteloosheid, verlange en verwondering.

Die vraag is hoe om luim in foto's na vore te bring. In die internet-artikel “*Eight magical methods for adding mood to your photos*” deur Andrew Gibson word die volgende wenke gegee:

- ✓ Gebruik 'n groot lensopening
- ✓ Onder- of oorbelig
- ✓ Speel rond met die witbalans
- ✓ Neem foto's teen die lig in
- ✓ Fotografeer sonsopkomste of sonsondergange
- ✓ Gebruik 'n lang sluiterspoed
- ✓ Neem foto's in monochroom
- ✓ Voeg tekstuur by



Die bedoeling van elke wenk is duidelik. Gebruik agt dæ en neem elke dag 'n foto van een van dié wenke. Raadpleeg ook die meegaande adres vir vollediger beskrywings.

<https://photography.tutsplus.com/articles/8-magical-methods-for-adding-mood-to-your-photos--photo-3031>

Sonsondergange en -opkomstes

Riglyne

Die fotografering van sonsondergange en -opkomstes verskil in beginsel nie van mekaar nie – behalwe dat jy vir laasgencemde vroeg moet opstaan en vir eersgencemde waarskynlik reeds wakker is.


In die riglyne wat volg, gesels ons net oor sonsondergange; maak self die nodige aanpassings vir die oggend.

Die bedoeling met die riglyne is om te help met die kamera-instellings deur stap vir stap voorstelle te maak; maar volg ook jou kop na goëddunke. Aanvaar die volgende:

- ✓ die foto-toneel is reeds opgestel,
- ✓ die kamera is beslis op 'n driepoot en
- ✓ 'n redelike komposisie en fokussering is al gedoen.

Volg dan die volgende voorskrifte:

- ✓ *Tipe lens*: Jy het 'n redelik wye keuse. Begin met die standaard 18-55 mm lens en varieer die hoëkwydte, afhangend van die toneel wat jy wil afneem. (Lees ook die opmerkings verderaan.)



- ✓ *Portret-/Landskapformaat*: Aangesien 'n sonsondergangtoneel tipies 'n landskaptoneel is, sal die eerste keuse hier waarskynlik landskapformaat wees. Wees egter gereed om vinnig na portretformaat te verander indien nodig.
- ✓ *ISO*: Kies 'n laë ISO sodat 'n vergroting steeds sonder ruis (Engels: *noise*) sal wees.
- ✓ *Witbalans*: Eksperimenteer; en maak jou reg vir besondere kleure.

- ✓ *Keuse van fokuspunt*: Die fokuspunt sal afhang van die toneel. Maak self verskillende keuses.
- ✓ *Lensopening*: Die lensopening kan enigiets wees. Omdat dit 'n landskap is en alles ver van jou af is, is die velddiepte nie 'n faktor nie. Varieer dus jou keuses. As daar wel gedeeltes van die toneel is wat naby jou is, is dit 'n ander saak. Besluit dan self oor skerptes en onskerptes.
- ✓ *Sluiterspoed*: Gebruik die liniaal om aanvanklik die "korrekte" beligting te kry. Gaan dan voort en neem stapsgewys foto's waarvan die beligting al meer en meer onderbelig is. Neem selfs tot 5 foto's of meer. Hieruit sal jy per rekenaar 'n goëie keuse kan maak. **HIERDIE IS DIE GROOT GEHEIM VAN SONSONDERGANG-FOTO'S MET MOOI KLEURE.**
- ✓ *Fyn fokussering*: Kontroleer van tyd tot tyd of die fokussering in orde is. As dit moeilik is om op wolke te fokusseer, probeer dan 'n lamppaal of ander item ver weg om op te fokus.



Sonsondergange en -opkomstes

Laaste wenke:

- ✓ Dit kan wees dat jy net die son en 'n klein omgewing alleen wil afneem. Verander dan na 'n langer lens, maar gebruik steeds die driepoot.
- ✓ Moenie, tydens sonsondergange, net na die weste staar nie! Dit kan net wees dat daar aan die oostekant ook mooi wolke is. Wees bedag daarop.
- ✓ Vir variasies kan jy allerlei dinge doen: Kry byvoorbeeld 'n skerp voorgrond met 'n onskerp agtergrond (die sonsondergang) of beweeg die kamera en maak kleur jou onderwerp.
- ✓ Stuur gerus van jou foto's vir Towerlantern; ons plaas dit graag op Facebook of in *Fotografienuus*.

Towerlantern se volgende kursus

Ons stel ons volgende eerstevlakkursus bekend:

- ✓ Datums: Die kursus vind gedurende die tweede kwartaal van 2018 plaas en begin DV op 25 April en duur tot 31 Mei.
- ✓ Koste: Die koste is R1400 vir die hele kursus, bestaande uit 10 klasgeleenthede.
- ✓ Goedkoper tarief: As jy gedurende Maart jou plek bespreek, is daar 'n afslagprys van R1200.
- ✓ Wat om te verwag: Die kursus begin met algemene sake soos komposisie, kleur en lig. Dan gaan dit verder na basiese kamera-instellings soos lensopening, sluiterspoed en ISO. Hierna begin toepassings op verskillende tereine, byvoorbeeld mens-, sport-, landskap- en blomfotografie. Aan die einde van die kursus sal jy verstom staan oor wat jy alles met jou kamera kan uitrig.

ZOEM JY OF FOKUS JY?

Dit gebeur baie dikwels dat fotografe nie onderskei tussen die zoemring en die fokusing van 'n lensstelsel nie. Bestudeer jou lensstelsels en maak seker van die volgende moontlikhede:

- ✓ Daar is net een stelring, naamlik 'n fokusing (byvoorbeeld 'n 100 mm makrolens).
- ✓ Daar is net een stelring, en wel 'n gekoppelde zoem- en fokusing. Maak seker van sy werking.
- ✓ Daar is twee stelringe, naamlik 'n zoemring (vir in- en uitzoem) en 'n fokusing. Maak seker watter is watter.

Saamgevat: Moenie dink jy kan met die zoemring fokus of met die fokusing zoem nie.

Lê laag - nog wêër

Ons het verlede maand die wenk gegee dat jy laag moet lê wanneer jy foto's neem, veral onder andere met blomfoto's. Ons kom nog weer terug op hierdie saak want dit kan nie te veel beklemtoon word nie.


Die foto's hierby toon drie blommodel-gevalle (blomdeursnee ongeveer 1 cm). Elke foto het 'n bestaansreg op sy eie, en dit gaan nie noodwendig daaroor om die "beste" een te kies nie. Elkeen het ook 'n ander gevoelswaarde.

Foto 1 is van reg bo afgeneem. Dit toon 'n gedeelte van 'n blombedding en die infokus blommetjie wys die vorm baie mooi. Die toneel is baie "plat", ten spyte van die vlak velddiepte. Die lensopening is f2.8, fokale lengte 100 mm en die onderwerpafstand ongeveer 40 cm.



Foto 2 is skuins, teen 'n hoek van 45 grade, geneem. Dit gee 'n beter "oorsig" oor die blommetjies as die eerste foto en het 'n bepaalde aantrekkingskrag. Dit vertoon meer diepte en perspektief. Die lensopening is f2.8, fokale lengte 100 mm en die onderwerpafstand ongeveer 80 cm.

Foto 3 is gelyk met die blom geneem; die kamera het baie laag gelê (as't ware vas aan die driepoot onderstebo teen die grond). Dit toon detail van die blom en is van baie naby geneem. Dit het heeltemal 'n ander gevoelswaarde (luim) as die ander twee foto's. Die lensopening is weereens f2.8 en die fokale lengte 100 mm; die onderwerpafstand is ongeveer 20 cm.



Die omgewingstoneel van hierdie foto's is dieselfde bedding, maar die kamera se invalshoek vir elk van die foto's is gewissel. En dit is die boodskap van hierdie foto's: Neem foto's vanuit verskillende kamera-invalshoeke en kies jou bestes.

FOUTE!

geskryf deur Johann Nel

Wanneer jy begin met fotografie of alreeds jarelank fotografie beoefen is daar altyd maklike foute om te maak al ken jy die regte manier. Ek het so 'n lysie saamgestel soos uit my eie ervaring en wat ek onlangs in 'n artikel gelees het oor dieselfde onderwerp, geskryf deur 'n fotograaf in die rubriek "The Digital Photographer School"

- ✓ Om nie jou kamera-handleiding goed te bestudeer en te bemeester nie.
- ✓ Om jou kamera (hoe klein of eenvoudig ook al) te blameer ("as ek maar net 'n duurder, groter kamera gehad het...").
- ✓ Om nie die teorie agter die saak te ken en te verstaan nie (byvoorbeeld komposisie, met-die-hand instellings, tyd van die dag, verskillende onderwerpe).
- ✓ Om jou altyd te vergelyk met andere (wees net JOUSELF!).
- ✓ Om nie te doen wat vir JOU reg en mooi is nie.
- ✓ Om nie te doen wat vir jou lekker en aangenaam is nie.

To parents

The urge to create is equally strong in all children. Boys and girls.
It's imagination that counts. Not skill. You build whatever comes into your head, the way you want it. A bed or a truck. A dolls house or a spaceship.
A lot of boys like dolls houses. They're more human than spaceships.
A lot of girls prefer spaceships. They're more exciting than dolls houses.
The most important thing is to put the right material in their hands and let them create whatever appeals to them.

Ons het hierdie op die Internet raakgeloop.
Dit kom uit 'n Lego-pamflet van die 70's.
Kreatiwiteit kan (en mag) nie beperk word nie!



FOTO

uitdaging

Februarie & Maart

Februarie

Die foto-uitdaging van Februarie het gegaan oor langsluiterspoed-fotografie en die uitdaging is soos volg bewoord: Neem enige foto met 'n sluiterspoed van langer as 30 sekondes.

Dit moet hierby genoem word dat wat kamera-instellings betref, daar 'n groot verskil is tussen die instel vir 'n sluiterspoed van 30 sekondes en 'n sluiterspoed van langer as 30 sekondes (Engels: *bulb*). Daarom is dit ook genoem dat dit dalk nodig sou wees dat jy moet nagaan hoe om met jou kamera 'n foto te neem met so 'n lang sluiterspoed. As jy onseker is, slaan dit na of kontak ons.

Op grond van hierdie afspraak het die beoordelaars besluit dat daar geen wenner is nie. Baie dankie aan diegene wat wel deelgeneem het.

Maart

In aansluiting by ons luimtema hierdie maand, is die nuwe uitdaging: Neem 'n foto wat luim uitbeeld. Dui presies aan watter elemente van dié wat genoem is in die artikel "*Luim in 'n foto – wat is dit?*" word in jou foto uitgebeeld.

Die prys is R300 vir die beste foto. Dit staan die paneel vry om te besluit dat geen prys toegeken word nie. Die foto moet geneem wees in die tydperk 1 tot 25 Maart 2018.

OP INTERNET GESIEN

Die Russiese fotograaf Vadim Trunov het 'n besondere fotografie-voorliefde. Hy maak opstellings in woude en ander plekke met 'n verskeidenheid items,



byvoorbeeld 'n kamera op 'n driepoot, en kyk dan wat gebeur. Wie daag op? Wat gebeur? Wie is die modelle? Wie is die fotografe? Kyk by die onderstaande adres en ander webblaaie vir sy besondere foto's, soos onder andere die foto hierby.

<https://www.boredpanda.com/squirrel-photography-russia-vadim-trunov/>

Towerlantern Fotografie
- maart 2018 -




Filters

Vroeër was los fisiese kleurfilters nogal 'n groot saak vir fotografie. Deesdae is ons gelukkiger want kameras het ingeboude filters. Die vraag is wel: Is jy bewus daarvan dat jōu kamera 'n verskeidenheid kleurfilters het wat tot jou beskikking is? As jy dit nie weet nie, raadpleeg dadelik jou kamera se handleiding. Jy kan baie kreatief wees as jy eers weet hoe om dit te gebruik.

Behalwe die ingeboude kleurfilters, bespeek ons 'n paar "kleurfilters" wat tot jou beskikking is.

Beligting (intern) (Engels: *exposure*): Ons het reeds by luim daarna verwys dat jy jou foto's kan/moet onderbelig of oorbelig. Dit word natuurlik gedoen met behulp van die lensopening-, sluiterspoed- en ISO-stellings. Wees dus deurentyd bewus hiervan. En soos ons ook elders genoem het, kan jy skemerfoto's baie mooier kleure gee deur te onderbelig.

Witbalans en fynwitbalans: Hierdie instellings word op die kamera aangedui deur WB (Engels: *White Balance*) en WB Shift/Bkt (Engels: *White Balance Shift / Bracketing*), of soortgelyke bewoording. Onthou dat die witbalans nie net bedoel is om die kleurtemperatuur te korrigeer nie; dit kan ook doelbewus "verkeerd" gebruik word om jou kunssinnigheid uit te leef. Die fynwitbalans doen dieselfde, maar is net 'n fyner instelling. As jy 'n Canon het, soek vir 'n skerm soos op die foto hierby.



Ingeboude kleurfilters: Soos genoem, is dit die beste dat jy self op jou kamera dié filters opspoor. Tipiese voorbeelde van dié kleure is monochroom, sepia, rooi, blou, geel en pers.

As jy met enige van hierdie stellings nie regkom nie, kontak Towerlantern. Beter nog, as jy nog nooit 'n fotografiekursus gedoen het nie, skryf daarvoor in (Potchefstroom of aanlyn).

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs